Voorgestelde uitsaaidatum: 22 Sept.

Opname: Don. 31 Julie 4.30-5.00 — 3D.

Bel Mr. Meyer! F.A.K.

RADIO-UITSENDING:

## DIE AANSTAANDE KONGRES VAN DIE F.A.K., 1 - 2 OKTOBER 1958

(deur Professor H.B. Thom, Voorsitter van die F.A.K.)

* * * *

In die kultuurlewe van die Afrikaner bestaan daar vandag tal van verenigings. Elkeen hiervan beweeg op sy eie, besondere terrein en dien die belange van ons volk op daardie terrein.

Daar is algemene kultuurliggame, soos Skakelkomitees en Kultuurverenigings. Daar is verenigings wat mense uit dieselfde werkkringe saamsnoer, soos Onderwysersverenigings, verenigings van Spoorwegwerkers, van amptenare van die Poswese, van die Polisie ens. Daar is Vrouevereniginge, soos die Christelike Vrouevereniginge in al vier ons Provinsies, Vrouelandbouverenigings e.s.m. Daar is Jeugverenigings, soos die Afrikaanse Studentebond, wat sy lede onder ons studente tel, en die Voortrekkerbeweging, wat weer onder ons jongere jeug werk. En daar is ook kerklike liggame, soos die Kerkrade wat in die gemeentes van al ons Afrikaanse Kerke bestaan, en wat oor ons hele land versprei is. Hierin sien ons 'n groot verskeidenheid, maar hierin sien ons ook 'n groot eenheid van doel en strewe. Want elkeen van hierdie verenigings probeer om hom in die diens van die Afrikaner te stel; elkeen doen dit uit sy oogpunt, uit sy eie hoek, in sy eie kring.

As hierdie verenigings nie met mekaar voeling gehou het nie, en heeltemal los van mekaar gewerk het, sou daar egter van daardie eenheid van doel en strewe niks tereg gekom het nie. Elkeen sou miskien ywerig gewerk het, maar kragte sou verbrokkel gewees het en, ofskoon daar mooi vrugte in klein kring gepluk sou kon word, sou die vrugte op die groot, breë terrein van die volkslewe uitgebly het. Om mooi vrugte ook op die groot terrein van die volkslewe te sien, moet verbrokkeling van kragte voorkom word en moet die kultuurbedrywighede van ál dié verenigings - dus van die hele volk - gerig en gekoördineer word.

Hierin lê die taak van die Federasie van Afrikaanse Kultuurverenigings, of die F.A.K. soos hy kortweg bekend geword het. Soos sy naam aandui, is die F.A.K. 'n federasie. Hy tree nie in die plek van ons kultuurliggame nie; inteendeel, hy erken hulle en help om hulle afsonderlike bestaan te verseker. Maar

die F.A.K. verbind hulle vrywilliglik met mekaar, in so verre hulle by hom affilieer, en hulle aldus met mekaar in voeling gebring word. Dit is omrede van hierdie sentrale posisie in die kultuurlewe van die Afrikaner, dat die F.A.K. in werklikheid vandag op kulturele gebied die verteenwoordigende mondstuk van die hele Afrikanerdom geword het.

Om sy werk na behore te doen, maak die F.A.K. van verskillende middele gebruik. Van tyd tot tyd word omsendbriewe aan geaffilieerde lede en donateurlede uitgestuur. Oor belangrike onderwerpe word publikasies in die lig gegee. Hiervan het alreeds 'n groot aantal verskyn, maar die bekende F.A.K.-Volksangbundel is miskien verreweg die bekendste. Byeenkomste word ook in sekere streke gehou, sodat gemeenskaplike belange van Afrikaners in daardie streke bespreek kan word. Oor nasionale vraagstukke word groot kongresse gehou : welbekend is bv. die Moedertaalonderwys-Kongresse, terwyl die besonder interessante en geslaagde Kongres oor Volksang en Volksmusiek, wat verlede jaar op Stellenbosch gehou is, seker nog prominent in die herinnering voortleef van alle afgevaardigdes en besoekers wat so gelukkig was om dit by te woon. Bowendien waak die F.A.K. voortdurend oor die groot verskeidenheid van ons kulturele belange, en rig hy onverwyld vertoë tot die betrokke owerheidspersone wanneer omstandighede dit vereis.

Ooreenkomstig die konstitusie van die F.A.K. moet hy ook al om die twee jaar sy gewone kongres hou. Vanjaar is dit nou weer kongresjaar. Die kongres word byeengeroep in Bloemfontein, en wel op 1 en 2 Oktober.

Soos by die tweejaarlikse kongres gebruiklik is, sal die jaarverslag van die F.A.K. voorgelê en behandel word. Hieruit vloei gewoonlik interessante besprekings en belangrike besluite voort, en ons glo dat vanjaar ook weer geen uitsondering op die reël sal wees nie.

Bowendien sal daar 'n groot aantal besprekingspunte voorgelê word, en geaffilieerde liggame het ook reeds kennis gekry om hulle besprekingspunte betyds op te stuur. Verder sal - ook in ooreenstemming met die konstitusie - ~~drie~~ vier lede in die bestuur van die F.A.K. gekies word.

Die bogenoemde is die gewone verrigtinge wat by die kongresse plaasvind. Soos in die verlede, sal daar egter ook 'n paar buitengewone punte op die program wees. Besondere aandag sal gewy word aan sekere probleme, wat vandag aktueel geword het en wat

eendragtige optrede vereis.

Vanweë die feit dat daar vandag deur goed-ingeligte, verantwoordelike mense so dikwels gekla word dat die suiwere gebruik van Afrikaans veel te wense oorlaat, is besluit om nader hierop in te gaan en tot helderheid oor die nodige stappe ter verbetering van die toestand te kom. 'n Welbekende Afrikaanse literator en geleerde, nl. professor W.E.G. Louw, wat tans kultuurmedewerker van Nasionale Koerante is, is gevra om 'n referaat hieroor te lewer en aldus die bespreking in te lei.

Aangesien egter gevoel word dat die suiwere gebruik van Afrikaans 'n saak is waarmee veral ~~by~~ ons jongmense gemoeid is, is ook besluit om 'n verteenwoordiger van ons jongmense te vra om hieroor op te tree. Hiervoor is uitgenooi mnr. J. Pretorius, Uniale Sekretaris van die Afrikaanse Studentebond.

Die Uitvoerende Komitee van die F.A.K. is van oordeel dat ons hier te doen het met 'n probleem wat elke Afrikaner regstreeks raak, en dat ons geroepe is om vandag ernstige aandag hieraan te skenk. Die gevaar is groot dat, aangesien die Afrikaner reeds so ver op die kulturele terrein gevorder het, hy hom miskien nie meer so bewus van sy stryd en verantwoordelikhede is nie, en dat hy dit wat met opoffering en volharding verkry is, miskien nie meer so hoog waardeer nie. Daarom is dit goed dat ons ons van die suiwere gebruik van ons taal ernstige rekenskap gee, dat ons die swakplekke soek en dit sterk maak.

'n Ander aktuele vraagstuk wat bespreek sal word, is die houding en verantwoordelikheid van die Afrikaner teenoor die immigrant wat ons land binnekom. Soos ander jong lande, neem ook Suid-Afrika vandag tal van immigrante in die geledere van sy gevestigde bevolking op. Afrikaners kla egter dikwels dat immigrante hulle nie genoeg by die Afrikaner aansluit nie. Die vrae ontstaan dus : Is dit wel só? En as dit só is, wat kan en moet die Afrikaner van sy kant doen om, in belang van homself en van die immigrant, die toestand te verbeter?

Oor hierdie dringende vraag sterk sal dr. P.J. Meyer die bespreking met 'n referaat inlei. 'n Geskikter man as dr. Meyer sal 'n mens hiervoor seker nie maklik kry nie. Hy is Voorsitter van die Maatskappy vir Europese Immigrasie, hy ken die moeilikhede van die Afrikaner en die immigrant, en is dus uitnemend bevoeg om leiding in hierdie verband te gee. Ek verwag stellig dat ons oor hierdie onderwerp baie goeie bespreking - en miskien selfs sterk meningsverskil - sal kry, maar dit sal welkom wees, want

daardeur sal ons in staat gestel word om dieper tot die waarheid deur te dring.

Naas al hierdie verrigtinge sal daar op die Kongres 'n ander geleentheid wees, wat waarskynlik 'n besondere hoogtepunt gaan uitmaak.

Ons herdenk vanjaar die 25ste verjaarsdag van die Afrikaanse Bybel. Ons Bybelvertalers het onvergeetlike werk gedoen, en aan ons 'n kultuurbesit gegee waarvoor die volk hulle tot in lengte van dae dankbaar sal wees. Maar, afgesien van die vertalers, is daar veral één man, wat deur sy gesonde sakevernuf, hierdie groot ideaal wèrklikheid help maak het. Dit is hy wat, veral gedurende die jare 1923 tot 1928, as tesourier van die Vertalingsfonds die nodige fondse help vind het. Hierdie man is mnr. H.J. Otto, wat vandag in die skaduwee van die lewe, rustig op sy plaas naby Kroonstad woon. Op ons Kongres wil ons waardige dank en hulde aan Oom Hennie Otto bring. Ons weet dat Afrikaners dwarsdeur die land hierin van harte één sal wees.

Ons vertrou dat die aanstaande F.A.K.-Kongres ons op 1 en 2 Oktober in Bloemfontein in 'n gees van nederige dankbaarheid en openhartige selfondersoek byeen sal bring. Ons kan immers nederig dankbaar wees as ons sien wat ons reeds bereik het, maar dit pas ons ook om ruiterlik die hand in eie boesem te steek en eie swakhede onder die oë te sien.

Ek hoop van harte dat geaffilieerde liggame betyds hulle afgevaardigdes sal aanwys, en dat donateurlede en ander besoekers in goeie getalle aanwesig sal wees. Ons tweejaarlikse F.A.K.-Kongres is immers die plek waar ons ons kulturele balansstaat opmaak. Ons moet weet wat die resultaat is. Het ons 'n batige saldo, dan kan ons mekaar help om dit op die beste wyse aan te wend; het ons 'n verlies, dan kan ons mekaar help om dit op die beste wyse aan te suiwer.

Mag ons Kongres gesellig, interessant, en leersaam wees. Mag almal, wat daarheen gaan, dit later as 'n besielende herinnering met hulle saam dra.

*** *** *** ***